

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 21: Ki Tisa – Oplig

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “As jy die volle getal van die kinders van Yisra’el opneem om hulle te tel, moet elke man loskoopgeld vir sy lewe aan יהוה gee wanneer hulle getel word sodat daar geen plaag onder hulle sal wees wanneer hulle getel word nie. Ex. 30:11 en 12 – PWL¹

Torah: Exodus 30:11 tot 34:35.

Haftorah: 1 Kon. 18:1 tot 39.

Nuwe Verbond: Hand. 7:39 tot 42; Hand. 17:29 tot 31; 1 Kor. 6:9 tot 11; 1 Kor. 10:1 tot 13; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Heb. 3:1 tot 6; Heb. 4:9.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 21 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination – Jimmy Dean

We fear men so much because we fear God so little. One fear cures another – William Gurnall.

The chief danger of the Church today is that it is trying to get on the same side as the world, instead of turning the world upside down. Our Master expects us to accomplish results, even if they bring opposition and conflict. – A. B. Simpson.

A life built upon Sabbath is contented because in rhythms of rest we discover our time is full of the holiness of God – Shelly Miller.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

In die afgelope twee weke se Torahskriflesings het יהוה aan Moshe (Moses) die instruksies gegee vir die bou van die tabernakel. Hierdie week se Torahstudie bevat verdere instruksies vir die bou van hierdie afgesonderde plek, die Tent van Samekoms, wat die middelpunt van Yisra'el se swerftog in die wildernis sou wees.

Die hemelse tabernakel is egter die ware tabernakel wat יהוה self opgerig het en nie 'n mens nie (Heb. 8:2). Daarom was die aardse tabernakel slegs 'n afbeelding van hierdie waarheid. Dit was 'n mensgemaakte heiligdom volgens יהוה se plan – 'n afgesonderde plek waar God in die midde van sy volk kon woon.

⁸Hulle moet ook vir My 'n afgesonderde plek maak sodat Ek tussen hulle kan bly.

⁹Volgens alles wat Ek jou gaan wys; die bloudrukplan van die tabernakel en die bloudrukplan van alles wat daarby hoort; presies so moet julle dit maak. Ex. 25:8 en 9.

Die tabernakel was 'n sinnebeeld (skadubeeld, afbeelding, heenwysing) van 'n groter waarheid wat sou kom. Dit het as Rigtingwyser na Yeshua, Die Gesalfde Een, gedien en skilder 'n volledige prentjie van יהוה se Raadsplan om alles te herstel tot soos dit voor die sondeval was. Daarom is kennis van die ware betekenis en van die doel van die aardse tabernakel 'n sleutel tot 'n beter insig van die ou verbond en open dit ook die deur tot die geestelike waarhede in die nuwe verbond soos dit in Yeshua vervul is.

Goue Kalwers Van Die Lewe!

Die belangrikste gebeurtenis in hierdie week se Torahskriflesing is die aanbidding van die goue kalf. Dit was een van Yisra'el se waterskeidings gebeurtenisse wat 'n verandering teweeg gebring het wat tot Yeshua se koms hulle daaglikse lewe en hulle verhouding met יהוה sou beïnvloed. Hierdie gebeurtenis was die verbreking van die verbond wat יהוה met hulle gesluit het en waarvan ons in Ex. 19:1 tot 24:11 lees. Hierdie boek van die verbond (Ex. 24:7) wat 'n bloedverbond was, is deur Yisra'el verbreek toe hulle 'n goue kalf aanbid het deur die woorde van Aäron te glo toe hy gesê het: *Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het* (Ex. 32:4), asook geglo het dat hulle 'n fees hou tot eer van יהוה (Ex. 32:5).

Yisra'el het uitwissing in die gesig gestaar, want hulle het die bloedverbond verbreek!

⁹ יהוה het vir Moshe gesê: “Ek het hierdie volk gesien en, let op, hulle is 'n hardnekkige volk.

¹⁰ Laat My daarom alleen sodat My wraak teen hulle kan brand en Ek hulle verteer en Ek sal van jou 'n groot nasie maak.” Ex. 32:9 en 10.

Die verbreking van 'n bloedverbond vereis die sterwe van die oortreder! Maar Moses het יהוה sy God om onverdiende guns gesmeek:

¹² Hoekom sou die Mitzrayiete praat en sê: ‘Hy het hulle uitgelei om hulle kwaad aan te doen, in die berge om te bring en hulle van die aardbodem af te vernietig?’ Draai weg van U brandende wraak en verander U gedagtes om skade te doen aan U volk.

13 Onthou vir Avraham, Yitz'gak en Yisra'el, U diensknegte, vir wie U by Usself gesweer en aan wie U gesê het: 'Ek sal julle nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en hierdie hele land waarvan Ek gepraat het, sal Ek aan julle nageslag gee sodat hulle dit vir ewig kan besit. Ex. 32:12-13.

Die gevolg van hierdie sonde was dat יהוה aan Yisra'el die boek van die wet – al יהוה se onderrig en instruksies – gegee het wat Yisra'el in bewaring gehou het tot Yeshua Messias gekom het. Hierdie was nie 'n bloedverbond nie, maar wel 'n eensydig verklaring deur יהוה. Daar was geen aanbod en dus het Yisra'el geen keuse gehad nie. So was daar ook geen verseëling deur bloed nie en ook geen verbondsmaaltyd was geëet nie.

Deur die onderhouding van die geskrewe wet was Yisra'el in bewaring gehou totdat Yeshua gekom het en namens Yisra'el aan die folterpaal gesterf het vir die verbreking van die bloedverbond en vir al die oortredinge van die geskrewe wet (Gal. 3:24-25). Nou kon יהוה, na die opstanding van Yeshua, 'n nuwe verbond met die huis van Yisra'el en met die huis van Juda sluit (Heb. 8:8-12), want die skuldbrief – die aanklag teen Yisra'el – was aan die folterpaal gespyker (Kol. 2:14).

maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:6.

wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe. 2Kor. 3:6.

Aanbid jy 'n Goue Kalf?

Aanbid jy dalk 'n goue kalf sonder dat jy daarvan bewus is? Waarskynlik sal jy, net soos toe ek die eerste keer hiermee gekonfronteer was, vinnig wees om 'Nee' te antwoord. En tog vereis hierdie vraag van ons elkeen om eers ernstige selfondersoek te doen alvorens ons antwoord. Dit is nodig om in die lig van die goue kalf wat Aäron vir Yisra'el gebou het, en die rede hoekom hy dit gedoen het, eers te besin voor jy antwoord.

Begaan ons nie dikwels die dieselfde fout as Aäron en die volk Yisra'el nie? Bou ons nie ook dikwels 'n goue kalfbeeld en aanbid dit in die oortuiging dat dit die ware Lewende God van Abraham, Isak en Jakob is wat ons dien nie?

Ons lees in Ex. 32:1 tot 5 die volgende:

1 Toe die volk sien dat Moshe lank vat om van die berg af te kom, het die volk by Aharon bymekaargekom en vir hom gesê: “Staan op, maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want hierdie Moshe, die man wat ons uit die land van Mitzrayim uitgebring het, ons weet nie wat van hom geword het nie.”

2 Aharon sê vir hulle: “Haal die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is en bring dit vir my.”

3 Die hele volk het die goue ringe, wat aan hulle ore was, afgehaal en dit na Aharon gebring.

4 Hy het dit uit hulle hand gevat en dit met 'n beitel bewerk totdat hy daarvan 'n gegote kalf gemaak het. Hulle het gesê: “Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het.”

⁵ Toe Aharon dit sien, het hy 'n altaar voor dit gebou en Aharon het uitgeroep en gesê: “Môre is 'n fees tot eer van יהוה.”

Het Yisra'el werklik geglo dat hierdie kalfgod die ware Almagtige Skepper-God is? Het Yisra'el vir יהוה totaal verwerp deur 'n kalfgod te bou en te aanbid? Die antwoord op beide hierdie vrae is 'Nee'. Yisra'el het bloot geglo dat hierdie kalfgod יהוה verteenwoordig. Hulle het geglo dat die Karakter en Outoriteit van יהוה deur hierdie kalfgod verteenwoordig word. Yisra'el was oortuig dat hierdie kalfgod יהוה hulle Verlosser van die Egiptiese slawejuk verteenwoordig!

Wat was die oorsaak van hierdie misleiding? Die volgende is die mees waarskynlike rede: Die mens het weens sy sondige aard die geneigdheid om 'n god te wil dien wat volgens eie maatstaf en standaard is. Ons almal is geneig om vir ons 'n kalfgod te wil maak. Die rede is dat so 'n kalfgod gemanipuleer en beheer kan word en nie werklike aanspreeklikheid van ons vereis nie.

Dit is baie makliker om 'n kalfgod te dien as יהוה die Almagtige, want ek kan 'n goue kalf dien soos ek wil, wanneer ek wil en indien ek wil. Ek kan kies watter dag 'n rusdag is, my eie feesdae bepaal en self kies wat rein en onrein is en wat reg en verkeerd is. 'n Kalfgod laat my toe om myself te verryk en dit 'n bediening te noem. Laastens, en die belangrikste, is dat 'n goue kalfgod my altyd goed laat lyk en goed laat voel, want die fokus is op die eie-ek (selfisme, materialisme).

Bill Bullock verduidelik dit soos volg in sy notas van Parashah 21:

Alas Beloved, herein lies a very sad truth. The truth is that there is something about fallen man that will always, if given a choice, choose a god he can mould himself according to his own tastes.

Such a “god”, you see, man can manipulate and control.

To such a “god”, man is not in any meaningful way accountable.

Such a “god” is always easier to serve than the Holy One – a God Whom we absolutely cannot ever manipulate or control, and to whom we are accountable for every thought, attitude, opinion, word, and deed.

*A handmade “god” is therefore to the baser instincts of man much more palatable than the true God – He who is Who He Is and Who Does What He Does **whether we like it – or understand it -- or not.***

*A calf-god is, after all, a much more convenient god. A calf-god can be served any way we want, any time we want, **if** we want.*

A calf-god lets US look good, lets US run the show and lets US get the glory.

A calf-god lets US hold meetings that are all about us and what we like and call it ‘worship’, and form tax-exempt corporations and call them ‘ministries’.

A calf-god does not call upon us to fulfil our potential, does not confront us over luke warmness or complacency – and does not discipline us when we neglect our calling or forsake our destiny.

No wonder the former slaves at Sinai wanted a calf-god, Beloved. No wonder most people on earth still do.

Hoewel Yisra'el se bedoelings opreg was, het 'n kalfgod egter die ware God van Abraham, Isak en Jakob vervang. Die ware 'beeld' van יהוה, naamlik Sy Karakter en Outoriteit, was vervang met 'n goue beeld wat soos 'n kalf gelyk het en wat die sintuie bevredig het.

Die vraag wat ons elkeen dus moet vra, is: Het ek dalk 'n goue kalf vir myself opgerig wat die plek van יהוה ingeneem het? Met goeie bedoelings kan ek hierdie kalfgod aanbid en ook 'n altaar bou en 'n feesdag tot sy eer uitroep, terwyl ek egter met afgodery besig is.

Wil jy weet of jy 'n kalfgod in jou lewe dien? Toets jouself aan die hand van die tien gebooie. Onderhou jy al tien of minag jy byvoorbeeld die vierde gebod van die Shabbat? Is dit jou begeerte om aan al tien gehoorsaam te wees al faal jy soms? Glo jy dat vertrou in Yeshua as Messias jou nie onthef het nie van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah? Indien jy **nie** met 'n besliste "Ja" op al hierdie vrae kan antwoord nie, aanbid jy 'n goue kalfgod!! Dan dien jy nie die God wat jou uit die Egipte van sonde slawerny bevry het nie, maar wel 'n goue kalf wat jy vir jouself opgerig het.

Ons moet ook onthou: Goeie bedoelings is ook nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie. In verlede week se Haftorah het ons dit ook bespreek. Yisra'el se goeie bedoelings was nie regverdiging vir die goue kalf nie. Indien goeie bedoelings vir יהוה aanvaarbaar was, sou Hy dit vir ons gesê het.

'n Goue kalf getuig van hardnekkigheid wat rebellie teen יהוה se gesag is. Kain het ook probeer om יהוה op 'n mensgemaakte wyse te dien en te aanbid en hy het 'n duur prys daarvoor betaal (Gen. 4:1 tot 12). So ook het Nadab en Abihu *vreemde vuur voor die aangesig van יהוה gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie* en hulle het gesterwe (Lev. 10:1 en 2). Saul was sy koningskap kwyt omrede hy ongehoorsaam was aan יהוה se opdrag om alles met die banvloek te tref (1 Sam. 15:19 tot 23). Die woorde van Samuel spreek steeds tot ons vandag:

22 "Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,

23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp." 1 Sam. 15:22-23.

Ongehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies soos in Yeshua vevrul is, is afgodery en beelddiens – dit is om 'n kalfgod op te rig en te aanbid. Dit is om jou eie geregtigheid op te rig (Rom. 10:2 en 3) en nie die geregtigheid van יהוה te soek nie (Matt. 6:33).

Bepens of Bespreek

1. Laat ons in hierdie tye die goue gode uit ons lewens verwyder en laat ons nie die woorde van יהוה ons God en Vader vergeet nie toe Hy aan Moses gesê het: *"Wie ook al teen My gesondig het, dié sal Ek uitvee uit My boek* (Ex. 32:22). Maar laat ons ook seker maak dat ons voortdurend dankbaar is vir 'n nie-Levitiese Hoofpriester volgens die orde van Melgisédék – een wat sit op die regterkant van die troon van HaG'dulah (die Grootheid) in die hemel (Heb. 8:1) – een wat medelye met ons swakhede het (Heb. 4:15) en een wat

ewige lewe gee aan elkeen wat deur Hom naderkom na God toe (Heb. 7:25). Verwys Heb. 7:23 tot 28.

Ons het 'n Middelaar van 'n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is (Heb. 7:22; Heb. 8:6), naamlik Yeshua, die Bedienaar van die Huis van Afsondering en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het (Heb. 8:2).

Ex. 31:12 tot 17 – Shabbat as Verbondsteken

In Ex. 31:12-13 en 16 sê יהוה aan Moses dat die shabbat 'n teken is tussen God en Yisra'el, asook 'n ewige verbond is wat in alle geslagte onderhou moet word. Shabbat is dus 'n teken en 'n verbond.

12 יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

13 Jy egter, moet met die kinders van Yisra'el praat en sê: 'Julle moet sekerlik My Shabbatte hou, want dit is 'n teken tussen My en julle regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder.

16 daarom moet die seuns van Yisra'el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

Om die Shabbat te gedenk en dit af te sonder was die behoud van Yisra'el se geestelike welstand. En dit is steeds die anker van elkeen wat glo in die God van Abraham, Isak en Jakob! Soos dit die behoud van Yisra'el van ouds was, so is dit die behoud van Yisra'el van die nuwe verbond, naamlik van elkeen – Jood en nie-Jood – wat vertrou het in Yeshua as Die Gesalfde van God. Om die Shabbat te onderhou, is om te hoor en te doen asof jou lewe daarvan afhang en om daarvoor die wag te hou soos iets wat baie kosbaar is.

Die tabernakel is 'n afgesonderde plek (heiligheid) in ruimte en Shabbat 'n afgesonderde plek in tyd. Ons behoud is om die shabbat te gedenk en dit af te sonder, want op die wyse eerbiedige ons die ewige verbond tussen God en Sy volk (kinders). Shabbat is 'n duidelike teken en bewys van ons gehoorsaamheid aan Vader-God en van ons liefde vir Hom.

Die eerste vraag wat gevra moet word is: Wanneer en deur wie was die Shabbat gemaak (ingestel)? Die antwoord is in Gen. 2:1 en 2:

1 So is die hemel en die aarde en al hulle hordes voltooi.

2 Op die sesde dag is God se werk, wat Hy gemaak het, voltooi en op die sewende dag het Hy gerus van alle werk wat Hy gemaak het

Die natuurwette, soos die siklus van dae (nag en dag), is deur יהוה geskape (Gen. 1:3, 4 en 14 tot 18). Hy het alles in ses dae geskape en op die sewende dag gerus van al Sy werk. Die sewende dag, die Shabbat, is dus deel van יהוה se skepping. Hy het ook hierdie dag gemaak, maar dit is 'n geestelike wet en sal soos die natuurwette nie verander nie!

Nou kan gevra word: Wat het יהוה gedoen na Hy op die sewende dag gerus het? Die antwoord vind ons in Gen. 2:3.

en God het die sewende dag geseën en dit afgesonder omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat God geskep het op 'n God-eie manier.

Let daarop: יהוה God het die sewende dag geseën en dit afgesonder (geheilig) **omdat** Hy daarop gerus het!! Omrede יהוה op die sewende dag gerus het, het Hy hierdie dag geseën en dit afgesonder. Het יהוה, nadat Hy op die sewende dag gerus het dalk ook, soos met die res

van Sy skepping, gesien dat dit goed was (Gen. 1:4, 12, 18 en 25). Is dit moontlik die rede hoekom יהוה hierdie dag geseën en dit afgesonder het?

Ons Skriftestudie oor die Sahabbat kan afgelaai word by <http://nuwelied.info/?cat=11>.

‘n Kort Afrikaanse video (12 minute) oor die Shabbat word ook aanbeveel en is beskikbaar by: https://www.youtube.com/watch?v=uujvhFl_Ci0. Hierdie video is 'n Kort boodskap wat die leuen van die sondagkerke, insluitend Rooms Katolisisme en die flou poging van die Hervorming, aanspreek en jou as gelowige roep tot verantwoording teenoor jou Verlosser. Indien jy wil help om hierdie land te red, vergeet swart hemde, gebedjies op snelweë en doellose boodskappies, maar gee ag op hierdie boodskap. Luister, hoor en doen wat God vir jou sê!

Bepeins of Bespreek

1. Kan ons deel van Yisra'el, met ander woorde die ingeplante wilde olyftak volgens Romeine hoofstuk 11 wees, sonder om Shabbat te gedenk en dit af te sonder?
2. Dit is vreemd dat diegene wat steeds die vierde gebod van die Shabbat eerbiedig, deur die Kerk gebrandmerk word as onder die wet en daarom van die genade verval het. Is dit nie vreemd dat diegene wat nege van die tien gebooie hou as vry van die wet beskou word, maar diegene wat al tien gebooie hou, is onder die wet en is dus hulle redding kwyt? Maak dit hoegenaamd enige sin om so te redeneer?
3. Hoekom het die Shabbatsgebod so ‘n verskilpunt geword? Hoekom is dit so dat die oorgrote meerderheid van die sowat 1,9 biljoen mense wat hulself as Christene beskou die gebod van die Shabbat minag? Is dit wat die Afgesonderde (Heilige) Skrifte ons leer, of is dit die leerstellings van mense? Het die Shabbatsgebod verander – die enigste van die tien gebooie wat deur יהוה die Almagtige herskryf is? Hierdie is belangrike vrae, want ons weet dat enige iemand wat die tien gebooie moedswillig met minag bejeen, sal nie die Koninkryk van יהוה beërwe nie.

Haftorah Bespreking

1Kon. 18:1 tot 39 – Hinkend op Twee Gedagtes

Beide die Torah- en Haftorahskriflesing van hierdie week spreek die afgodery van Yisra'el van ouds aan.

Daarom het Eliyahu (Elia) vir Yisra'el gesê om te kies wie wil hulle dien, naamlik יהוה-God of Ba'al:

Eliyahu het nadergekom na al die mense en gesê: “Hoe lank sal julle aarsel tussen twee opinies? As יהוה God is, volg Hom, maar as Ba'al is, volg hom!” 1 Kon. 18:21.

Moshe en Eliyahu was beide profete wat hierdie afgodery van Yisra'el gekonfronteer het. Onthou: Die bediening van die profeet was uitsluitlik om Yisra'el te waarsku om afstand te doen van alle vorme van afgodery en om terug te keer na Torah-gehoorsaamheid. Daarom sal daar ook in die laaste dae die profete wees wat sal kom in die gees van Eliyahu:

4 “Onthou die wet van Moshe, My dienskneg, die opdragte en instellings wat Ek hom beveel het op Horev vir die hele Yisra'el.

⁵ Let op, Ek gaan vir julle die profeet Eliyahu stuur voor die koms van die groot en verskriklike dag van יהוה.

⁶ Hy sal die verstand, wil en emosie van die vaders herstel tot die seuns en die verstand, wil en emosie van die seuns tot hulle vaders sodat Ek nie sal kom en die land met 'n vloek tref nie. Mal. 4:4 tot 6.

Tydens die heerskappy van koning Ag'av (Agab) en koningin Izevel (Isebel) het Yisra'el se geestelike verval die punt bereik waar die profete van יהוה doodgemaak was (1 Kon. 18:4 en 13). Izevel was 'n Ba'al-aanbidder wat gehoorsaamheid aan Torah wou uitwis. Daarom wou sy die profete, wat op daardie stadium die geestelike leiers van Yisra'el was en die terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid verkondig het, uitroei. Daar was egter diegene, soos `Ovadyah (Obadja), wat bereid was om hulle lewens te waag deur die profete van יהוה te beskerm en te versorg (1 Kon. 18:4 en 13).

יהוה het egter vir die profeet Eliyahu gesê om hom aan Ag'av te gaan vertoon, naamlik 'n openlike konfrontasie uit te lok (1 Kon. 18:1, 8, 11 en 15). Eliyahu was bereid om tot die dood toe aan יהוה gehoorsaam te wees!! Hy was 'n ware en vreeslose profeet wat verkies het om eerder gewelddadig te sterf as om ongehoorsaam aan יהוה te wees. Dit is die kenmerk van diegene wat in die einde van tye sal kom in die gees van Eliyahu om die *hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders*, naamlik 'n terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua, Die Gesalfde Een, vervul is.

In hulle ontmoeting het Ag'av vir Eliyahu beskuldig as *die versteurde van Yisra'el* (1 Kon. 18:17).

¹⁶ `Ovadyah het Ag'av gaan ontmoet en hom vertel en Ag'av het gegaan om Eliyahu te ontmoet.

¹⁷ Toe Ag'av Eliyahu sien, vra Ag'av vir hom: "Is dit jy, jou versteurder van Yisra'el?"

Eli, die spreekbuis van יהוה wat terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid verkondig, word as 'n versteurder (verwekker van onrus) uitgekryt! Klink dit bekend!! Is die hedendaagse aanklaer nie dikwels die dominee en pastoor, asook jou eie geliefdes en vriende nie? So dikwels word ons beskuldig as die versteurders van verhoudinge en die verwekkers van onmin! Maar ons antwoord aan diegene wat ons beskuldig, is dieselfde as dié van Eli aan Ag'av!

Hy antwoord: "Ek het Yisra'el nie versteur nie, maar u en u vader se huis het omdat u die opdragte van יהוה verlaat en die Ba'als gevolg het. 1 Kon. 18:18.

Eliyahu was so seker van sy roeping as profeet, en so getrou aan יהוה, dat hy 'n openbare konfrontasie met die hele Yisra'el en 450 valsprofete van Baäl afgedwing het soos dit in 1 Kon. 18:25-29 beskryf word:

²⁵ Eliyahu het vir die profete van Ba'al gesê: "Kies vir julleself een jong bul en berei dit eerste voor, want julle is baie en beroep julle op die karakter en outoriteit van julle god, maar maak geen vuur nie."

²⁶ Toe vat hulle die jong bul wat vir hulle gegee is en berei dit voor en roep die naam (karakter en outoriteit) van Ba'al aan vanaf die oggend tot die middag en sê: "O Ba'al, antwoord ons!" Daar was egter geen stem en niemand het geantwoord nie. Hulle het rondom die altaar, wat hulle gebou het, gespring.

27 Dit het op die middag gebeur dat Eliyahu met hulle gespot en gesê het: “Roep met ’n harde stem, want hy is ’n god! Hy is seker besig of hy het eenkant toe gegaan, of hy is seker op reis, of miskien slaap hy en moet wakker gemaak word.”

28 Hulle het met ’n harde stem geroep en hulleself volgens hul tradisie met swaarde en spiese gesny tot die bloed uit hulle gespuet het.

29 Toe die middag verby is, het hulle geraas tot op die tyd van die aandoffer, maar daar was geen stem, niemand het geantwoord nie en niemand het aandag gegee nie.

Eliyahu het toe die altaar van יהוה herstel, die nodige hout daarop gerangskik en die jong bul in stukke gesny en dit bo-op die hout geplaas. Toe het hy opdrag gegee dat vier kruike vol water gemaak word en oor die altaar gegooi word, asook dat dit nog twee keer herhaal moet word.

35 Die water het rondom die altaar gevloei en hy het ook die sloot vol water gemaak.

36 Op die tyd dat die aandoffer geoffer word, het die profeet Eliyahu nadergekom en gesê: “יהוה, God van Avraham, Yitz’gak en Yisra’el, laat dit vandag bekend wees dat U God in Yisra’el is en dat ek U diensknecht is en dat ek al hierdie dinge volgens U woord gedoen het.

37 Antwoord my, יהוה, antwoord my sodat hierdie volk kan weet dat U, יהוה, God is en dat U hulle verstand, wil en emosie weer teruggedraai het.”

38 Toe het die vuur van יהוה neergeval en die brandoffer, die hout, die klippe en die stof verteer en die water wat in die sloot was, opgelek.

Yisra’el het toe opnuut besef dat יהוה die ware en enig Lewende God is en daarom op hulle gesig neergeval en uitgeroep: “יהוה, Hy is God, יהוה, Hy is God.” (1Kon. 18:39).

Ons moet ook aan diegene wat ons beskuldig as versteurders van die volk vra: Hoe lank sal julle aarsel tussen twee opinies? As יהוה God is, volg Hom, maar as Ba’al is, volg hom!” Dit herinner ons aan Yeshua se woorde in Matt. 6:24

Geen man kan vir twee meesters werk nie, want hy sal òf die een haat en van die ander een hou, òf hy sal getrou wees aan die eerste een en die ander een verwaarloos. Dit is nie moontlik om vir God én vir Mammon te werk nie!

Eliyahu het Yisra’el gekonfronteer met die keuse tussen die immorele sielsbevredigende Ba’algodsdiens en ’n koninklike priesterdom van Torah-gehoorsaamheid. Yisra’el kon nie volgens hulle eie keuse die twee vermeng nie, want יהוה is ’n jaloerse God (Ex. 20:5) en met jaloersheid begeer die Afgesonderde Gees wat in ons woon dat ons alleenlik aan יהוה getrou sal wees (Jak. 4:5). As bruid moet ons getrou wees aan die Bruidegom.

Elkeen van ons moet soos Yisra’el in die dae van Eliyahu ’n keuse maak. So moes Yisra’el na die aanbidding van die goue kalf ook ’n keuse maak toe Moses aan die volk gesê het: *Wie vir יהוה is, kom na my toe* (Ex. 32:26). Elkeen is of vir God of teen Hom. Om selektief gehoorsaam aan יהוה te wees is ’n kruidenierstrollie-geloof, want jy kies dit wat jy van hou, of wat jou pas, of wat jy dink jy nodig het. Jy kies en glo jy doen יהוה se geregtigheid! Aangaande diegene het Yeshua gesê:

15 Ek ken jou dade, dat jy nie koud of warm is nie, want dit is nodig dat jy of koud sal wees, of warm

16 en jy is lou en nie koud of warm nie. Ek gaan jou uit My mond uitspoeg,

17 want jy sê: ‘Ek is ryk en welvarend en het niks nodig nie’ en jy verstaan nie dat jy siek, bejammeringswaardig, arm en kaal is nie.

18 Ek beveel aan dat jy van My goud, wat deur vuur gesuiwer is, koop sodat jy voorspoedig kan word en wit klere sodat jy jou kan aantrek en die skande van jou kaalheid nie gewys word nie en oogsalf om jou te salf sodat jy kan sien. Open. 3:15 tot 18.

Ons moet tot geestelike volwassenheid groei sodat ons nie meer kinders sal *wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie, maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in Die Gesalfde Een, wat die Hoof is en vanuit Hom is die hele liggaam inmeekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word* (Efes. 4:14 tot 16).

Bepeins of Bespreek

1. Ons sien vandag beide die gees van Izevel en die gees van Eliyahu werksaam in die wêreld. Die gees van Izevel manifesteer toenemend in regerings en in die Christendom wat sekere uitsprake van יהוה, soos byvoorbeeld oor homoseksualisme, verontagsaam en as haatspraak en liefdeloosheid beskou. Vryheid van godsdiens word nou tot so 'n mate beskerm dat openlike Skriftuurlike standpunt ook as diskreminasie en haatspraak gereken word. Ons sien toenemend hoe regerings en die Christendom die beskermers en ondersteuners van afgodery, soos Islam, word. Wat is jy en ek bereid om hieraan te doen? Is ons elkeen nie geroep om 'n Eliyahu te wees nie? Hink jy op die gedagte om die rol te vervul of is vrees besig om jou te verhinder tot openlike konfrontasie?
2. Met verwysing na 1 Kon. 18:39 kan ons wel vra of Yisra'el net deur die gebeure van die oomblik oortuig geword het en of hulle werklik tot bekering gekom het en teruggekeer het na Torah-gehoorsaamheid? Was daar nie baie wat Yeshua bloot gevolg het vir dit wat hulle gesien het en kon ontvang het nie? Waar was die skares wat Yeshua gevolg het op die dag van Shavuot (Pinkster)? Wat is die verskil tussen 'n volgeling van Yeshua en 'n dissipel (studente volgeling)?

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuweliied.info

Webwerf: <http://www.nuweliied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.